# RESENSIES/REVIEWS

Alex N. Sabo & Leston Havens (Eds.)

## THE REAL WORLD GUIDE TO PSYCHOTHERAPY PRACTICE

2000. Cambridge, Massachusetts: Harvard University Press.

Die wêreld van psigoterapie het die afgelope dekades drasties verander, veral vanweë die aandrang van die bestuurdesorg-benadering wat mediese hulpskemas in 'n toenemende mate begin toepas. Resultate word binne enkele sessies verwag. Daar is ook die eis dat dienste deur laervlakkundiges gelewer moet word en dat antwoorde selfs liewer op die internet gesoek moet word. Dit noodsaak 'n herbesinning oor die swetterjoel psigoterapeutiese benaderings wat tans wel bestaan, veral ook in die lig daarvan dat kognitiewe-gedragsterapeutiese benaderings, gerugsteun deur positiewe navorsingsliteratuur, wel dikwels vinnige resultate beloof.

Hierdie boek probeer om 'n bydrae tot hierdie besinning te lewer en om praktiese riglyne deur te gee om die hedendaagse eise wat aan die sielkundige praktykvoering gestel word, aan te spreek.

Die belangrike rol wat psigoterapie steeds te speel het, word uitgewys:

> Choosing among values is a need to be addressed as much as symptom relief, while the recognition of psychological syndromes has expanded dramatically. Medications are widely prescribed, and the relief provided only increases the demand for a psychotherapy that deals with underlying problems (p. 11).

> World-wide, a call goes out: 'How do we determine and shape a life of our own?' Providing these type of answers is a central goal of psychotherapeutics (p. 11).

Die outeurs hou egter die kwaliteit van die interpersoonlike verhouding wat tydens terapie geskep word steeds as die eerste en belangrikste kriterium voor. 'n Goeie terapeutiese verhouding is immers noodsaaklik vir 'n deurtastende begronding van die probleem en vir die volharding van die kliënt in die terapeutiese proses. Die huidige houding van mediese skemas bedreig egter die daarstelling van hierdie verhouding. Die eerste gedeelte van die boek handel dan juis oor die verhoudingsaspek binne kliniese werk.

Die tweede deel van die boek handel oor "How the work gets done" en die derde deel oor 'n herbesinning oor psigoterapie.

In Deel 2, waar dit gaan oor psigoterapie met besondere groepe kliënte en in besondere omstandighede, lewer Janna Smith 'n insiggewende bydrae oor psigoterapie met persone onder stres as gevolg van armoede. Sy gee byvoorbeeld 'n blik op armes se kroniese ervaring van vernedering. In 'n eindelose gestoei met die burokrasie moet die arme voortdurend sy of haar reg op aalmoese bewys en van bakboord na stuurboord gaan om by programme in te skakel, terwyl die media die arme bombardeer met materiële dinge wat hy of sy nie het nie. Donald Scherling wys op die waarde van groepsterugvoering by groepterapie met gewelddadige mans. Die menslike kant van die terapeut word ook in die terapeutiese situasie uitgebeeld na aanleiding van kwesbaarheid wat ontstaan oor twyfelvrae oor eie vrese, oor eie bekwaamheid en selfs oor die spot van kollegas oor die optrede van die groeplede buite groepsverband. Dit word wenslik geag dat sodanige werk liefs binne 'n ondersteunende multidissiplinêre agentskapsverband gedoen moet word.

In 'n hoofstuk oor psigoterapie in krisissituasies wys Todd Griswold onder meer op die "Tarasoff duty" wat psigoterapeute in die VSA verplig om potensiële slagoffers van geweld te waarsku wanneer die betrokke pasiënt 'n geskiedenis van gewelddadigheid het, daar 'n motief teenwoordig is en 'n spesifieke dreigement teenoor die slagoffer uitgespreek is.

Die negatiewe sosiale ervarings van psigotiese persone dra dikwels meer by tot hulle gestremdheid as die kliniese dinamika van hulle toestand. Sulke persone ervaar gewoonlik erge demoraliserende minagting op interpersoonlike vlak en reageer met resiproke minagting en selfverguising. Daarom beklemtoon Leston Havens in hierdie konteks weer eens die waarde van die opbou van 'n warm aanvaardende verhouding met so 'n pasiënt.

In 'n meer tegniese hoofstuk oor werk met 'n persoon met 'n grenslyn persoonlikheidsversteuring word 'n bepaalde voorkennis van die toestand en behandelingsteorieë vereis. Caren Plank beklemtoon op 'n verfrissende wyse die rol van 'n toekomsperspektief waar psigoterapie in werklik uiterste omstandighede gedoen moet word.

Ofskoon die versameling bydraes heelwat nuttige praktiese wenke verskaf, hinder 'n tweeslagtigheid: dit is hoofsaaklik geskryf vanuit 'n tradisionele psigo-analitiese verwysingsraamwerk, waarvan die outeurs hulle egter wil distansieer, as synde nie prakties genoeg nie. Maar dit is asof die alternatiewe psigoterapeutiese benaderings vanuit die humanisties-eksistensiële, behavioristiese en kognitief-behavioristiese sielkunde nie genoegsame erkenning kry nie, ofskoon die praktiese aanbevelings wat die skrywers maak dikwels nou by hierdie benaderings aansluit. Baie van die outeurs se

opvattings strook ook met die jongste beklemtoning in die Sielkunde van die Positiewe Sielkunde.

Ek waardeer dus in hierdie werke die breuk met die psigo-analitiese denkraamwerk, maar vind dit jammer dat daar skynbaar nie genoegsaam kennis geneem is van die vordering op terapeutiese gebied buite die kader van die psigo-analise nie.

Prof. P.M. Heyns.

Dept. Sielkunde, Universiteit van die Vrystaat.

## P. Verster
# GOOD NEWS FOR THE CITY OF AFRICA

2000 ISWEN 98pp.

’n Netjies versorgde werk wat daarin slaag om in 85 bladsye ’n oorsig te gee van die proses van verstedeliking, die lewe in die stad en die hoop wat die evangelie vir die mense in die stad bring. Dit alles word toegespits op die stad in Afrika. Die resultate van navorsing, ook statistieke, word baie bevatlik weergegee. Van groot waarde is die feit dat daar nie by veralgemenings en die resultate van ander se navorsing volstaan word nie. Die werk bevat ook die resultate van die skrywer se eie navorsing in een spesifieke stad, Botshabelo. Hy stel die mense self aan die woord sodat die leser die stad ontdek as mense met gesigte, harte, ’n geskiedenis en ’n toekoms. Veral ontmoet jy so die gelowige in die stad wat die evangelie vir jou uithou.

Vir persone (teoloë en nie-teoloë) wat uitreik na die stede in Afrika bied hierdie werk broodnodige oriëntering. Terselfdertyd kan dit hulle help om só betrokke te raak dat hulle nie oor die gelowiges in die stad loop nie, maar werklik langs hulle gaan staan om, soos Paulus dit stel, “deur mekaar se geloof bemoedig te word” (Rom. 1:12). By ’n herdruk kan enkele spelfoute in die name van respondente uit Botshabelo reggestel word. Ondertussen kan dit by wyse van ’n invoegsel aan die begin van die werk gedoen word, veral vir persone wat hulle êrens wil aanhaal.

Dr. A.M. Hoffman.